

11 Februarie

**Skrifgedeelte: Eksodus 20:17; Romeine 7:7-11; Heidelbergse Kategismus Sondag 44**  
**Fokusgedeelte: Eksodus 20:17**

### **Die Tien Gebooie is steeds nodig**

Is dit regtig nodig dat ons as Nuwe-Testamentiese gelowiges gereeld die Tien Gebooie hoor? Is dit nie deel van die Ou-Testamentiese wette wat met Jesus Christus se koms opgehef is nie? Moet ons ons nie eerder net deur God se Gees laat lei nie?

God wys vir ons dat die Tien Gebooie vir Nuwe-Testamentiese gelowiges steeds belangrik is. Paulus gebruik die tiende gebod as voorbeeld om te wys waarom die Tien Gebooie steeds belangrik is. Wanneer mens iets begeer, doen mens op die oog af niks verkeerd nie. Jy doen niemand leed aan nie en oortree geen wet nie. Tog is dit verkeerd om te begeer, omdat die kiem van ongehoorsaamheid aan die ander gebooie in ons verkeerde begeertes verskuil lê. Ongehoorsaamheid aan God, opstand, moord, egbreuk, diefstal en leuens in al hulle gedaantes ontkiem waar sondige begeertes vrye teuels gegee word. Daarom is die tiende gebod belangrik. Die voorbeeld van hierdie een gebod wys vir ons waarom al die gebooie belangrik is.

Die gebooie vlek ons sonde oop. Dit wys vir ons hoe gebrekkig ons liefde teenoor God en ons naaste is. Al het God ons aangeneem om sy kinders te wees, leef ons nog nie soos sy kinders behoort te leef nie.

Die Tien Gebooie maak ons nie bewus van ons sonde om ons moedeloos te maak nie, maar om ons al hoe meer na Jesus Christus en sy verlossingswerk te laat verlang. Die gebooie laat ons ook besef hoe nodig dit is dat die Heilige Gees in ons sal werk sodat ons God se beeld kan vertoon.

As Nuwe-Testamentiese gelowiges is die Tien Gebooie steeds belangrik vir ons.

Sing: Skrifberyming 9-1:1, 10, 11

Dr. EJ de Beer (Laeveld)